# Nuusweek

Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis.

Nommer 39, Jaargang 1 | 31 Okt - 06 Nov 2025 | www.pretoriafm.co.za


**Laai af en deel op al jou WhatsApp-groepe**




# MUNISIPALE VERVAL: HOF TREK DIE LYN


**Dié 40 Afrikaners verheug ANC**
Bladsy 3

**So verloop Nederlandse verkiesing**
Bladsy 5

**Aitsa! Wie word die meeste gestroom?**
Bladsy 11

**Dié week in Binnelanders**
Bladsy 12








# Ngwathe kry tweede keer bloedneus in appèlhof

Seugnet van Zyl

Die Vrystaatse provinsiale regering moet nou dringend in die Ngwathe-munisipaliteit ingryp.

Dít is AfriForum se beroep ná die appèlhof Woensdag dié munisipaliteit se appèlaansoek met koste van die hand gewys het.

Die appèlhof het bevind daar is geen "redelike vooruitsig op sukses in 'n appèl nie en geen ander oortuigende rede waarom 'n appèl aangehoor behoort te word nie".

Die Ngwathe-munisipaliteit bedien Parys, Vredefort, Heilbron, Koppies en Edenville.

Dit is die tweede keer vanjaar dat die Ngwathe-munisipaliteit stert tussen die bene by dié hof moes uitloop nadat sy appèlaansoek misluk het.

Die hooggeregshof in Bloemfontein het in Junie vanjaar uitspraak gelewer nadat AfriForum hom tot die hof gewend het omdat die munisipaliteit volgens dié burgerregtewaghond sy grondwetlike, wetgewende en regulatoriese verpligtinge teenoor sy inwoners versaak.

Die hooggeregshof het beveel dat die premier en die provinsiale uitvoerende raad onder meer 'n herstelplan in werking stel wat moet verseker dat die munisipaliteit basiese dienste lewer en sy finansiële verpligtinge nakom.

Die hof het ook beveel dat die munisipale raad ontbind word en 'n administrateur aangestel word totdat 'n nuutverkose munisipale raad aangestel is.

Alta Pretorius, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Mooirivier, sê die Vrystaatse provinsiale regering móét daarom onmiddellik ingryp, 'n administrateur aanstel, die munisipale raad ontbind én binne 90 dae 'n tussenverkiesing hou om nuwe raadslede te verkies.

Pretorius sê sou dít wel gebeur, sal AfriForum steeds 'n oorsigrol moet speel.

"Dit sal nie oornag regkom nie, maar ons sal nie tou opgooi nie."

Haar grootste droom is dat inwoners weer skoon water sal hê as hulle hul huiskrane oopdraai.

Victoria de Beer-Mtombeni, burgemeester van die Ngwathe-munisipaliteit, het Woensdag in 'n verklaring gesê dat sy en haar munisipaliteit die appèlhof se uitspraak sal bestudeer en 'n uitspraak oor die proses vorentoe op die gepaste tyd sal lewer. Daar is wel aanduidings dat dié munisipaliteit ook teen die jongste hofbeslissing by die Konstitusionele Hof gaan appelleer.

Pretorius sê AfriForum het dít voorsien en reeds vroeër vandeesmaand 'n aansoek ingevolge die Wet op Hoër Howe 10 van 2013 gebring om te verseker dat die hof se oorspronklike uitspraak teen die Ngwathe-munisipaliteit in werking gestel word. Die saak sal op 4 Desember aangehoor word.

*Na bladsy 3*

## Ngwathe kry tweede keer bloedneus in appèlhof (vervolg)

*Van bladsy 2*



Roland Henwood, politieke ontleder, sê die munisipale raad se benadering is dat die reg om te regeer swaarder weeg as die vereistes en vermoë om te regeer. Die belang van raadslede weeg swaarder as die belange van inwoners en as die grondwetlike vereistes vir dienslewering aan die gemeenskap.

"Die beperkte hulpbronne word ook aangewend om die regte van die raad te dien eerder as die regte van inwoners. Die gebrekkige prestasie is waarskynlik ook die gevolg van die aanstelling van personeel wat nie die vermoëns het om die dienste te bestuur en lewer nie."

Henwood sê sou 'n nuwe raad binnekort verkies word, is hierdie raad se ampstermyn uiters beperk omdat die volgende plaaslike regeringsverkiesings teen die einde van 2026 of vroeg in 2027 moet plaasvind.

***"'n Nuwe raad met beperkte hulpbronne en tyd gaan dit moeilik vind om die kapasiteitsprobleme op te los wat nodig is om die langtermynprobleme en gebreke teen te werk."***

Waar die Ngwathe-munisipaliteit inwoners in hierdie omgewing versaak het, het inwoners beslis nie net hulle lot gelate aanvaar nie.

Sandra Uys, 'n wat al 20 jaar in Parys bly en 'n restaurant op dié dorp bestuur, erken dié munisipaliteit doen nie hulle werk nie, maar danksy inwoners en organisasies soos onder meer AfriForum, Mooi Parys, Save Ngwathe, die vleilandprojek en die sakekamer wat saamstaan, baklei hulle hard om die dorp mooi te maak.

Uys is ook die president van die Rotariërs in Parys en reël jaarliks die Parys Crater Street Mile.

"Ja, die munisipaliteit doen nie hulle werk nie, maar ons maak planne. Parys is regtig 'n positiewe plek om in te bly. As die munisipaliteit nou danksy die nuwe hofbeslissing hulle werk gaan begin doen, gaan dit net beter gaan."

AfriForum het dae voor vanjaar se wedloop op 25 Oktober juis seker gemaak dat die slaggate in strate wat deel van die wedloop vorm herstel is deur teer te voorsien sodat die wedloop kon voortgaan. Munisipale werkers het lede van AfriForum met munisipale toerusting bygestaan om die slaggate te herstel.

# ANC verheug oor dié 40 Afrikaners

Redaksie

Die uitvoerende hoof van die Solidariteit Beweging, Flip Buys, sê die Afrikaners wat aanvoer dat hulle, en ander Afrikaners, nie slagoffers is van rassistiese vervolging in "post-apartheid Suid-Afrika" nie laat die ANC skotvry daarvan afkom.

Ongeveer 40 Afrikaners het die week 'n ope brief onderteken waarin hulle aanvoer dat die vlugtelingstatus wat aan Afrikaners deur VSA-regering toegeken word terwyl algehele toelating tot vlugtelingstatus ingeperk word, vir hulle "verontrustend" is. Die ondertekenaars sluit akademici, joernaliste en verteenwoordigers van verskillende organisasies in. Die ANC het die skrywe verwelkom.

In 'n gesprek op Pretoria FM se aktualiteitsprogram Impak het die aanbieder, Esté Gross aan Barend la Grange, spesialis in gemeenskapsontwikkeling, voorsitter van die Privilege Foundation en een van die ondertekenaars gevra wat nie in die ondertekenaars se naam gesê moet word nie. La Grange het geantwoord dat die ope brief ter wille van die ekonomie en ter wille van rasseverhoudinge opgestel is.

"Ons wat wit Afrikaners is, en ek is 'n Afrikaner, dat ons uitgesonder kan word. Dat ons kan vlug terwyl daar geen rede is vir ons om te vlug nie, want ons voldoen nie aan vlugtelingstatus nie. "

La Grange verduidelik verder dat vlugtelinge mense is wat vlug op grond van kwesbaarheid en nie van ras nie. Hy sê ook dat daar nie 'n volksmoord is nie en Afrikaners nie aan vlugtelingstatus voldoen nie.

In die skrywe voer die Afrikaners aan dat AfriForum en die Solidariteit-beweging nie namens hulle praat nie. Gross het tydens die gesprek herhaaldelik gevra wat AfriForum en Solidariteit gesê het wat die groep dwars in die krop steek, waarop La Grange geantwoord het dat dié twee organisasies gereeld met hooggeplaastes in die VSA skakel sonder om die narratief van 'n volksmoord te weerlê.

La Grange sê verder dat almal in die land onder geweld gebuk gaan en dat Afrikaners nie uitgesonder kan word nie.

"Ons kan nie gesien word as slagoffers nie. Ons is nie slagoffers nie."



*Flip Buys*



*Barend la Grange*

Buys het in reaksie gesê dat hulle afvaardigings na die VSA die feite vir die Amerikaanse regering deurgee, wat moordsyfers en ook die invloed van invoertariewe insluit. Hy sê egter dat dit nie wys is om aan te voer dat dit eintlik baie goed gaan met Afrikaners nie.

"Die brief regverdig die ANC se beleid. En dit is ook hoekom die ANC 'n verklaring uitgereik het en uitgelate die verklaring van Barend-hulle verwelkom."

Buys sê dat diskriminasie teen Afrikaners 'n werklikheid is.

"Dit is so dat daar meer as 140 rassewette is, dit is so dat daar teen Afrikaanse skole opgetree word deur die ANC. Vir my is dit hoegenaamd nie nodig om vir die ANC in te tree nie."




# Opbrengste waarop jy kan STAATMAAK

ONYX

12.80%* EFFEKTIEWE GROEI

DUBBELSYFER OPBRENGSTE

100% Van jou kapitaal belê
Aanvangsfooie word deur ons geabsorbeer

Dividendbelasting
0% Besighede
20% Individue

Diversiteit oor ons private-ekwiteitsbates

*Bates onder bestuur sluit onder andere eiendom, gasvryheid, inligtingstegnologie, mynbou en groen energie in.

*Bepalings en voorwaardes geld

Die Onyx-inkomsteportefeulje is ontwerp om stabiele inkomste en kapitaalbewaring te bied deur te belê in ongenoteerde instrumente wat deur die Portefeuljehoumaatskappy uitgereik word.

*Die aangeduide opbrengste en groei is teikensyfers, nie gewaarborg nie, en is onderhewig aan jaarlikse hersiening.

## BELANGRIKE KENMERKE

- *12.80% Jaarlikse opbrengs
- Minimum bedrag: R100 000
- Dividende maandeliks betaal
- 10% Spesiale Dividend
- Klas A voorkeuraandeel

*Vir meer inligting rakende die Amethyst Lewende Annuïteit, kontak u finansiële adviseur of besoek everestwealth.co.za*
*087 654 8705*
*info@everestwealth.co.za*

Everest WEALTH

*Everest Wealth Management (Pty) Ltd registration number 2002/004025/07, an Authorised Financial Services Provider FSP 795 CAT I , II & IIA and registered credit provider NCRCP 21504*

# Regse foute, skep geleentheid vir sentrumlinkse regering in Nederland

Jaco Kleynhans

Die Partij voor de Vrijheid, 'n regse anti-immigrasieparty, het Woensdag 'n duur prys betaal vir sy besluit om in Junie, na net 11 maande, aan die regse koalisieregering in Nederland te onttrek. Na die party se reuse-oorwinning in November 2023 deel die party nou die eerste plek met die progressief-liberale Democraten66 (D66) wat een van die grootste wenners van die verkiesing was. Die PVV het 11 van sy 37 setels verloor, terwyl D66 van net 9 setels in 2023 tot 26 gegroei het.

Kiesers in Nederland moes Woensdag, minder as twee jaar na die vorige verkiesing, weer na die stembus gaan om volksverteenwoordigers, soos parlementslede in dié land bekendstaan, te verkies. In 2023 was daar 'n reuseverskuiwing na regs toe die PVV gemaklik eerste geëindig het, maar ook ander sentrumregse partye soos die konserwatief-liberale Volkspartij voor Vrijheid en Democratie (VVD), die sentrumregse Nieuw-Sociale Contract (NSC) en die konserwatiewe, plattelandse BoerBurgerBeweging (BBB) almal goed gedoen het. Die gevolg was die mees regse koalisieregering in dekades tussen die PVV, VVD, NSC en BBB.

Hierdie vier partye het 'n duidelike mandaat van kiesers in 2023 gekry om immigrasie na Nederland te beperk, die behuisingstekort aan te spreek en lewenskoste onder beheer te kry. Die koalisie het volledig in al hierdie oogmerke misluk. Die PVV het in Junie vanjaar die regering tot 'n val gebring en het Dinsdag 'n duur prys daarvoor betaal. NSC het al 20 sy setels verloor en sal nie meer in die Nederlandse parlement, die Tweede Kamer der Staten Generaal, aanwesig wees nie. Die VVD kon sy verlies tot 2 setels beperk nadat dié party ook reeds in 2023 heelwat gekrimp het, en BBB is Woensdag bykans gehalveer tot net vier setels.

Goeie veldtogte lei dikwels tot sukses en dit het die D66 en sy leier, Rob Jetten, bewys. Die 38-jarige Jetten staan 'n goeie kans om die nuwe Nederlandse eerste minister te word en sal die jongste en eerste homoseksuele eerste minister in die geskiedenis van Nederland wees. Anders as sy voorganger Sigrid Kaag het Jetten egter D66 meer na die sentrum van die politieke spektrum geposisioneer en weggestuur van omstrede radikaal-linkse standpunte wat dikwels in die verlede D66 stemme gekos het. Die party bly egter 'n uiters progressief-liberale party wat onder andere teen die bestaan van Christenskole gekant is en wat op sosiale terrein van die mees liberale standpunte huldig. In terme van buitelandse beleid is D66 ŉ pro-EU, globalisties ingestelde party.

Die verkiesing Woensdag was egter geen swaai na links nie. Linkse partye het oor die algemeen swak gedoen. Die afgelope paar maande was die groot vraag of die samewerking tussen Groenlinks en die Partij van de Arbeid (PvdA) daarin sou slaag om die grootste party te word. Dié twee partye is besig om saam te smelt in 'n poging om een sterk linkse front in Nederlandse politiek te vorm en neem die afgelope tyd saam aan verkiesings deel. Die party se leier, Frans Timmermans, is een van die bekendste politici in Nederland en het dekades se ervaring in die politiek. GL/PvdA het egter Woensdag met nog 5 setels gekrimp tot net 20 setels en Timmermans het laat Woensdagaand as leier bedank.

Ander linkse partye soos die Socialistische Partij (SP), Volt en Partij voor de Dieren (PvdD) het almal swak gedoen en heelwat steun verloor. Al die linkse partye het stemme aan D66 afgestaan en die party se groei van 600 000 stemme in 2023 tot 1,7 miljoen Woensdag is grootliks te danke aan kiesers wat voorheen vir ander linkse partye gestem het, maar wie deur Jetten se positiewe, charismatiese veldtog aangespreek is.

Aan die regterkant van die politieke spek-trum het twee kleiner partye baie goed gedoen. JA21 het van 1 setel tot 9 gegroei en Forum voor Democratie (FvD) het van 3 na 7 setels gegroei. Hierdie twee partye het honderde duisende stemme by die PVV weggeneem.



Geert Wilders

Een ander groot wenner van die verkiesing was die sentrum tot sentrumregse Christen-Democratisch Appèl (CDA) wat in 2023 sy swakste prestasie ooit gehad het en net 4 setels kon wen. Dit is 'n party wat al in die verlede 50 van die 150 setels in 'n verkiesing gewen het en wat vir dekades aan die einde van die 21ste eeu Nederlandse politiek gedomineer het. Dié party het Woensdag sterk herstel en het 18 setels gewen en daarmee vierde geëindig. Die CDA hou daarvan om te regeer en het al in die verlede met sentrumregse, maar ook linkse partye in koalisies saamgewerk. Die leierskap van die CDA het, soos D66 en VVD, ook reeds voor die verkiesing samewerking met die PVV uitgesluit.

Teen druktyd was die PVV en D66 gelykop voor met 26 setels elk met 99% van die stemme wat getel is. Die PVV het kort voor druktyd in absolute stemme selfs D66 verby gesteek wat beteken dat die PVV tegnies steeds die grootste party in Nederland kan wees. Die kanse vir die PVV om 'n regering te vorm is egter skraal. Sonder enige gewilligheid van CDA, VVD, D66 en al die linkse partye is daar eenvoudig nie genoeg stemme oor vir die PVV om 'n meerderheidsregering te vorm nie.

Die finale verkiesingsuitslag word op 7 November amptelik bekend gemaak. Al eindig die PVV net-net eerste, sal D66 waarskynlik die beste kans staan om 'n koalisieregering te probeer saamstel. Dit beteken waarskynlik 'n nuwe regering wat heelwat meer progressief, globalisties en liberaal sal wees as die vorige regering. Geert Wilders van die PVV het in Junie gedink dat om aan die Nederlandse kiesers te sê dat sy koalisievennote vir die mislukking van nuwe migrasie- en asielbeleid verantwoordelik is, 'n wenargument sou wees. Hy het selfs gehoop om in vroeë

*Na bladsy 6*

## Regse foute, skep geleentheid vir sentrumlinkse regering in Nederland (vervolg)

*Van bladsy 5*

verkiesings selfs meer as die 37 setels wat hy gehad het, te wen.

'n Goeie derde van PVV-kiesers het egter gevoel dat die PVV harder moes probeer om die regse koalisieregering staande te hou en dat Wilders meer geduld moes toon om sy beleidsoogmerke te bereik. Die gevolg van Wilders se onttrekking aan die regering in Junie, is dat Nederland nou 'n heelwat linkser regering kan kry.

Soos talle ander Westerse lande moet ernstige vra gevra word oor die toekoms van Nederland. Is Nederland enigsins nog 'n nasiestaat? Of het dit bloot 'n land van Nederlanders met dieselfde paspoort van totaal verskillende identiteite geword? Anders as in die VSA, Italië, Pole, Tsjeggië, Hongarye en enkele ander Westerse lande lyk dit egter of Nederland vir die volgende jaar of twee, drie eerder sal terugval op 'n meer progressiewe, linkse binnelandse en buitelandse beleid en dus, onder andere, selfs nog meer immigrasie, strenger omgewingsregulasies en 'n groter opwenteling van magte na die Europese Unie sal implementeer. Dit sal noodgedwonge lei tot groter Islamisering van Nederland, groter emigrasie van Nederlandse boere en kleinsake-eienaars, groter staatskuld, meer behuisings tekorte, 'n verdere styging in energiekoste en 'n groter, meer finale verlies aan die Nederlandse identiteit wat reeds die afgelope dekades stelselmatig afgewater is. Dit is die gevolge van Woensdag se verkiesing.

# PTA-vrou presteer ondanks seldsame sindroom: "My uniekheid is my krag"

Redaksie

Sy is die enigste bevestigde geval in Suid-Afrika en haar seldsame sindroom kom voor in slegs een uit 'n miljoen mense.

Maar, ondanks haar ontberinge, het Hanri Kriel (34) van Pretoria bo haar omstandighede uitgestyg en nou ook haar doktorsgraad gewerf.

"Ek het nooit dat ander mense vir my besluit wat ek werd is nie. Jou pad mag dalk anders lyk, maar dit beteken nie jy's op die verkeerde pad nie," sê sy.

Hanri is met Miller-sindroom gebore. Dié seldsame genetiese afwyking is 'n geenmutasie wat onderontwikkelde wangbene, 'n kleiner onderkaak, 'n verkorte sagte verhemelte en 'n gesplete verhemelte veroorsaak.

In Hanri se geval is haar gehoor en spraak ook geaffekteer.

"Dis egter belangrik om te sê dat dit nie jou intelligensie of jou vermoë om jou drome te bereik, raak nie," sê Hanri wat onlangs haar PhD in Drama-en-rolprentstudie by Tukkies verwerf het.

Sy vertel dat haar ouers dadelik met haar geboorte besef het daar is iets anders aan haar, maar niemand kon aanvanklik sê wat haar makeer nie.

"Ek het as pasgebore baba 30 dae in die neonatale intensiewe sorg deurgebring en daar was baie vrae oor my hande, gesig en suigvermoë."

Op tien dae oud is sy deur 'n mond-en-kaakchirurg met Miller-sindroom gediagnoseer.

"Vir my ouers was dit skrikwekkend, maar ook 'n verligting om uiteindelik 'n naam vir my toestand te hê."

Sy sê as kind het sy soms gesukkel met haar selfbeeld.

"Almal het my altyd in die winkels en by plekke aangestaar. Om anders te lyk en gehoorapparate te dra, het gemaak dat ek soms gevoel het ek pas nie heeltemal in nie."

Sy is as kind na Sonitusskool vir Gehoorgestremdes waar sy gou besef het daar is ander kinders soos sy.



"Dit het my baie gehelp om my identiteit te aanvaar en toe ek later na Hoërskool Wonderboom toe is, het ek net sterker gevoel in wie ek is. Vandag sien ek my verskille nie as iets wat my beperk nie, maar as iets wat my uniek maak."

Toe sy op universiteit kom, was haar grootste uitdaging nie haar gehoor nie, maar om van Afrikaans na Engels oor te skakel. Sy het haar meesters in Afrikaans gedoen en haar PhD vanjaar daarin afgehandel.

Haar navorsing het gefokus op die verbetering van onderskrif- en byskrifpraktyke in die Afrikaanse TV-bedryf om te verseker dat kykers met gehoorverlies ook programme kan geniet soos dié wat kan hoor.

"Ek het elke dag gedink: Hoekom het ek dit aan myself gedoen? En toe maar net besluit ek is so ver, ek moet net 'n bietjie uithou en aanhou. En om die einddoel te onthou waarvoor ek dit doen."

Vir ander wat sukkel met hulle selfbeeld het Hanri baie waardevolle raad.

"Gebruik elke uitdaging as 'n manier om sterker te word, en wees sag met jouself in die proses.

"Jou uniekheid is nie iets om weg te steek nie, dis jou krag. En soms is dit juis die dele van jou storie wat moeilik was, wat later ander mense hoop gee. En laastens, hou vas aan jou geloof, dit bly jou grootste bron van hoop en krag."

# Lesers se beurt

Hier kry lesers die geleentheid om hulle sê te sê oor van die warmste onderwerpe van die afgelope week.

*Drie Oryx-helikopters van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag het die afgelope week vanuit die Demokratiese Republiek die Kongo na die land teruggekeer. Die helikopters het by die Waterkloof-lugmagbasis geland, ná maande van kommer en onsekerheid. Hier is wat lesers daaroor te sê gehad het:*

**Kobus Jansen**

Well done aan al die mense wat 'n waardevolle aandeel gehad het aan die veilige terugbring van ons duursame toerusting en mense.

**Danie Theron**

Wat n prestasie!!!

**Baruch Desmond Beukes**

Nou waar is die klomp wapens van julle wat daar agtergebly het?

Seker vir die kos daarmee betaal.

**Abrie van der Walt**

Hy gaan seker nou car wash toe.

**Japie Smit**

Ons belastingbetalers sê "Baie dankie"!

**Marius Schrenk**

Baie dankie aan almal wat betrokke was. Ook net betyds. Daar is 'n verkiesing aan die kom.

**Henry Dungey**


Dit is jammer dat soveel negatiewe kommentaar gelewer word, sonder dat die ware feite in ag word. Ja, die SANW moes nie daar gewees het nie, en ja, dinge het sleg tot 'n einde gekom, maar die tegniese ouens op Eskader-vlak het 'n bitter, bitter moeilike taak gehad om daardie choppers vluggereed te kry. Glo my, as dit van die regering afgehang het, het daardie helikopters net daar gebly. Die tegniese ouens en vlugbemanning verdien regtig 'n pluimpie. Die ouens op Eskader-vlak verrig wondere met die bietjie wat tot hul beskikking is, en nie almal van hulle is vet en lui nie.

**Frans Knoesen**

Al die goed is maar oud en gedaan en die beste vlieëniers het ook al lankal die pad gevat. Meer generaals as troepe ...

**Ons wil graag van jou hoor.**

**Stuur gerus jou kommentaar of briewe van nie langer as 200 woorde na nuusweek@pretoriafm.co.za.**



# Takaichi, Trump, Milei, Meloni: Opmars van nuwe konserwatiewe leiers

**Internasionale perspektief**

Jaco Kleynhans



Wie onthou die 1980's? Dit was 'n goue era met Ronald Reagan as president van die Verenigde State van 1981 tot 1989, Margaret Thatcher as premier van die Verenigde Koninkryk van 1979 tot 1990 en Helmut Kohl as bondskanselier van Duitsland van 1982 tot in die laat 1990's. Pous Johannes Paulus II het aan die hoof van die Katolieke Kerk gestaan. Daar is allerweë in die Westerse wêreld van 'n konserwatiewe herlewing gepraat.

Na Reagan, Thatcher en Kohl se vertrek het al drie hulle onderskeie lande vir dekades lank veel meer liberale staatshoofde gehad. Pous Johannes Paulus II is in 2005 opgevolg deur 'n selfs meer konserwatiewe pous, Pous Benedictus XVI, maar ná hom sou 'n veel meer liberale pous, Pous Franciskus, volg. Deur die regerings van Bill Clinton, George Bush, Barack Obama, Tony Blair, David Cameron, Gerhard Schröder, Angela Merkel en Olaf Scholz en talle liberale staatshoofde regoor die Westerse wêreld is die grondslag vir die Westerse bestaanskrisis wat tans voor ons oë afspeel, ontwikkel.

Enigiemand wat dus diep besorg is oor die voortbestaan van die Westerse beskawing, Westerse kulture en identiteite, en die globale invloed van Westerse waardes en stelsels, sou die afgelope paar dae met versigtige optimisme die aanwys van die nuwe Japanese eerste minister, Sanae Takaichi, haar ontmoeting met president Donald Trump in Tokio, die verkiesingsoorwinning vir president Javier Milei se La Libertad Avanza party in parlementêre verkiesings in Argentinië en die toenemend selfgeldende rol wat die Italiaanse eerste minister Georgia Meloni in Europese politieke speel, bejeën het.

Hoewel Japan nie 'n Westerse land is nie, is die land reeds vir dekades die Weste se sterkste bondgenoot in Asië en 'n belangrike rolspeler in die behoud van Westerse invloed op dié kontinent, maar ook die versterking en instandhouding van demokratiese, Westersgesinde en veral konserwatiewe waardes. In die ontwikkelde wêreld kan Japan sekerlik as een van die mees konserwatiewe lande beskou word en Takaichi is sekerlik ook een van die mees konserwatiewe eerste ministers van Japan in dekades.

Net meer as 'n honderd jaar gelede was Argentinië een van die rykste lande ter wêreld. Die per capita inkomste in Argentinië was 'n eeu gelede hoër as in Duitsland. Dekades van linkse, sosialistiese regerings het die land egter verarm, stagflasie die norm gemaak en die land met soveel skuld gelaat dat Argentinië eintlik maar een groot bankrotspul geraak het.

Milei het sedert hy in 2023 as president van Argentinië verkies is, reuse-hervormings ingestel. Na die onlangse verkiesing het hy nog meer beweegruimte om Argentinië verder reg te ruk. Milei sien Argentinië as 'n bondgenoot van die VSA en die Weste, en dit was interessant dat die eerste buitelandse staatshoof wat hom met die verkiesingsoorwinning gelukgewens het, Meloni van Italië was. Die liberale staatshoofde van lande soos Frankryk, Spanje en Nederland het tot nou net stil gebly.

Suid-Amerika behoort eintlik naby aan die VSA en Europa te funksioneer, maar linkse politiek het in die meeste lande in suid- en Sentraal-Amerika politieke stelsels en ideologieë wat onversoenbaar met die Weste is, geskep. Tog is 'n meerderheid van mense in suid- en Sentraal-Amerika konserwatiewe Katolieke.

Die totale armoede van leierskap in Europa is welbekend. Van Schoof-van-wie-niemand-weet in Nederland, tot die verwarde Bart de Wever in België, die super-ongewilde Macron in Frankryk, die linkse raap-en-skraap-koalisie Sanchez in Spanje en die polities-verlamde Merz in Duitsland, is Europa in sy grootste leierskapskrisis sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog. Verlede week se Europese Raadsvergadering in Brussel het dit bewys.

Tog is daar Meloni in Italië wat toenemend teen onwettige immigrasie begin optree en Italiaanse identiteit weer vooropstel. Die afgelope Maandag was Viktor Orban, eerste minister van Hongarye, en ook 'n suiwer konserwatiewe staatshoof, op besoek aan Meloni in Rome. Dié twee vind sterk aanklank.

By Orban en Meloni sluit aan die konserwatiewe eerste minister van Slowakye, Robert Fico, die president van Pole, Karol Nawrocki en die onlangs verkose konserwatiewe leier van Tsjeggië, Andrzej Duda. Die media in Europa het na verlede week se vergadering reeds begin praat van 'n nuwe alliansie van konserwatiewe staatshoofde in Sentraal-Europa.

Die een ding wat al hierdie konserwatiewe leiers in gemeen het, is hulle sterk verhouding met president Trump en hulle pro-Amerikaanse benadering tot geopolitieke vraagstukke. Die Weste se bestaanskrisis gaan nie binne 'n dag of 'n jaar opgelos word nie, maar leiers sal iewers moet begin.

Vroeër hierdie week het die Amerikaanse regering bekend gemaak dat meer as 500 000 onwettige immigrante reeds sedert Februarie gedeporteer is. Meer as een miljoen mense het die land verlaat, baie vrywillig deur die Trump-administrasie se stelsel van vrywillige selfdeportasie waarvoor selfs 'n toepassing geskep is. Trump het verskeie projekte om die Amerikaanse ekonomie te laat herleef en om die Amerikaanse droom weer 'n werklikheid te maak. Of dit gaan slaag sal net tyd ons kan leer.

Europese lande en Westerse bondgenote, vanaf Europa tot Japan en Australië, het almal dit nodig. Sonder goeie leiers wat glo in etnisiteit en nie net burgerskap nie, wat glo in die nasiestaat en nie net die globale wêreldorde nie en wat glo in goeie verhoudinge in plaas van oorgawe, is nou nodig. Met Trump, Takaichi, Milei, Meloni en enkele andere is daar wel hoop.

**Kleynhans is hoof van openbare skakeling by Solidariteit.*

# Brood aan weerskante gebotter




Die uitdrukking "iemand het sy brood aan weerskante gebotter" is een wat ons almal ken. Dit dui op 'n persoon wat hom só posisioneer dat hy in elke situasie voordeel probeer trek, of dit nou in die openbaar of agter die skerms is. Só iemand probeer sorg dat, ongeag die uitkoms van 'n debat of beslissing, hy steeds daaruit voordeel put.

Maar die werklikheid is dat die waarheid altyd uitkom. Mense wat hulself op hierdie wyse probeer beskerm of bevoordeel, word gou as draadsitters of selfs as onbetroubaar bekend. Integriteit, daardie innerlike egtheid wat oor jare opgebou word, bly 'n onderskeidende kenmerk van mense wat hul oortuigings eerlik uitleef. Die manier waarop iemand keuses maak en standpunt inneem, bepaal hoe ander hom sal vertrou of respekteer.

In ons tyd het sosiale media en digitale netwerke 'n ontploffing van menings, sogenaamde feite en interpretasies ontketen. Ons word daagliks oorstroom met inligting, maar min daarvan word nog deeglik nagegaan of getoets. Daarom behoort ons ons af te vra: Watter bronne gebruik ons om ons gedagtes en oortuigings te vorm? Hoe geloofwaardig is hulle regtig?

Die beeld van brood en botter bied treffende voorbeelde om hierdie vrae te belig:

1. Die korsie sonder botter
   Baie mense voel soms dat die lewe hulle net die korsie gee, droog en sonder enige botter. Dis 'n harde les wat elke mens moet leer: Die lewe is nie altyd regverdig nie. Tog wys nabetragting dikwels dat ons self dikwels help om die tafel te dek waaraan ons sit. Keuses, gesindhede en verantwoordelike optrede bepaal dikwels watter porsie ons ontvang.

2. Geen brood nie
   Daar is ook dié wat werklik geen brood het nie. Die Bybel leer dat diegene wat werk, behoort te kan eet. Tog is daar mense wat deur omstandighede soms buite hul beheer, in 'n situasie beland het waar daar eenvoudig nie brood op die tafel is nie. Suid-Afrika se ekonomiese werklikheid vererger hierdie probleem daagliks. Werkloosheid, swak bestuur en korrupsie skep uitsigloosheid. Tog bly opleiding, vaardigheidsontwikkeling en 'n gesindheid van selfwerksaamheid die vertrekpunt van nuwe moontlikhede. Die arbeider wat sy loon waardig is, sal uiteindelik beloon word. 'n Samelewing wat 'n gees van onderneming en eerlike arbeid aanmoedig, lê die grondslag vir werklike vooruitgang.

3. Die gebrande brood
   Soms is die brood daar, maar dis gebrand en onsmaaklik, eintlik oneetbaar. Dit gebeur wanneer dinge sonder balans of sonder suiwer bedoelings aangepak word. Wanneer te veel hitte geskep word sonder dat daar 'n goeie grondslag is, brand die brood aan. Dieselfde gebeur in gemeenskappe of instellings waar emosie, magsug of oorhaastigheid die plek van beginsel inneem.

4. Die brood wat nie brood is nie
   Dan is daar nog die gevaar dat ons dink ons eet brood, terwyl dit eintlik iets heel anders is. Soos die storie van die vrou wat wou koek bak, maar geen meel gehad het nie. Haar man het droë beesmis gemaal, sy het dit met suiker en eiers gemeng, mooi versier en dit het soos 'n koek gelyk. Maar die kern was allesbehalwe eetbaar. Hierdie beeld tref: Hoe dikwels aanvaar ons nie inligting of beleid as "waar" bloot omdat dit mooi verpak is nie?

Hierdie selfde beginsel geld vandag in die politieke en ekonomiese sfeer. Wanneer mense, soms uit gewoonte of lojaliteit, steeds die transformasiebeleid van die ANC steun, help hulle indirek om die oneetbare koek van die afgelope drie dekades aan te bied. Die gevolge daarvan lê oral om ons: staatsinstellings wat nie funksioneer nie, 'n ekonomie wat versmoor en 'n samelewing wat al hoe meer worstel om te bestaan.

Suiwer bestanddele maak die verskil

Daarom moet ons waaksaam wees oor die "bestanddele" wat ons gebruik wanneer ons ons eie brood bak, oftewel, wanneer ons ons oortuigings vorm en keuses maak. Die gehalte van inligting wat ons inneem, bepaal die uitkoms van ons denke en optrede. Ons moet vra: Is my "leweransier" van inligting betroubaar? Kan dit die toets van die tyd deurstaan?

In 'n era waar menings dikwels belangriker as feite geword het, is dit noodsaaklik dat ons weer gesaghebbende, nagevorste bronne raadpleeg. Anders loop ons gevaar om gevoer te word met wat "hulle" besluit ons moet glo: die anonieme "hulle" van sosiale platforms, politieke strukture en ideologiese groepe met hul eie agendas.

Uiteindelik kom dit hierop neer: Om te sorg dat ons brood met eerlikheid en insig gebak word, met bestanddele wat getoets is, en suiwer en voedsame waarde het. Net dan sal ons kan sê dat ons nie ons brood aan weerskante gebotter het nie, maar eerlik met dít leef wat ons self in geloof, waarheid en integriteit voorberei het.

**Van Zyl is die hoofbestuurder van TLU SA.*

# Kriteria vir geloofwaardigheid

7voor7
Ds. Antoinette van Zyl
*Geloofsbond van Hervormde Gemeentes Vrede*



Wie jy ook al moet meet, peil en weeg vir besigheid, familie of vriendskap of inbors, 1 Konings 10 vat die toets vir geloofwaardigheid netjies saam.

Die koningin van Skeba, waarskynlik van Jemen in die suide van Arabië, besluit om uit te vind of Salomo darem op haar intellektuele vlak is, of hy ingelig is, of hy opgevoed is, of hy gemanierd is. Sy gaan kyk letterlik hoe sy tafel gedek is, waaruit hy eet, watter wyn in sy kelder is en hoe die tempel lyk wat hy vir sy God gebou het.

Alles net om handelsooreenkomste met Israel te verkry. As jy jou vriende, medegelowiges en sakekennisse beskou, wat is die vlak van julle verhouding of betrekkinge? Weliswaar is dit jou saak as jy jou wil omring met gesprekke, etiek, kultuur en gewoontes wat jou aftrek. Jou keuse.

As jy jou omring met mense wat die minderwaardige vir God gee, die minste, die laaste, die swakste, dan moet jy weet, hulle sal mense nog swakker behandel.

Dit is hoekom die koningin gaan kyk hoe die tempel lyk wat Salomo vir God gebou het. Sy het al sy ander indrukwekkende bouwerke gesien, sy wil weet en sien dat hy die beste vir sy God gegee het. Die oomblik toe hy op sy louere begin rus het, verslap het, nie meer omgegee het om sy eie geloof, kultuur en opvoeding te leef nie, het hy God ook met dieselfde minagting behandel. Salomo se huis is na sy dood verdeel.

Jy meet, peil en weeg die mense met wie jy jou omring. Kan jy hulle saamneem na jou bidplek toe?

# Vrydag 31 Oktober

Vandag in die verlede
Albe Grobbelaar



Op hierdie laaste dag van Oktober herdenk ons die geboortedae van die Hollandse skilder Jan Vermeer in 1632, die Engelse digter John Keats in 1795 en die aktrise Barbara Bel Geddes in 1922. (Sy het Miss Ellie vertolk in die TV-reeks Dallas.)



*Jan Vermeer*



*John Keats*



*Barbara Bel Geddes*

Die bekende rotsbeeldhouwerk van vier Amerikaanse presidente by Mount Rushmore in Suid-Dakota is na 14 jaar se werk op vandag se datum in 1941 voltooi. 'n Lekker algemenekennisvraag is dikwels watter presidente hier in rots verewig is. Hulle is natuurlik George Washington, Thomas Jefferson, Theodore Roosevelt en Abraham Lincoln.





Vandag in 1926 was die datum waarop die ontsnapmeester Harry Houdini op 52 oorlede is. Die seepgladde Houdini kon nie aan die dood ontsnap nie.

Vandag 70 jaar gelede het koningin Elizabeth se jonger suster, prinses Margaret, aangekondig dat sy besluit het om níe met die geskeide kaptein Peter Townsend te trou nie. As sy wel met hom sou trou, sou sy haar koninklike inkomste verloor het.

Om mee af te sluit: Ons herdenk ook vandag die dood in 1984 van die Indiese eerste minister, Indira Gandhi, op 31 Oktober 1984. Sy is om 09:30 daardie oggend deur twee van haar lyfwagte in die tuin van haar ampswoning in New Delhi vermoor.

# Aitsa! Finaliste in die kategorie Mees Gestroomde Afrikaanse Kunstenaars bekend

Afrikaanse musiek is aan die bruis – en dít blyk duidelik uit vanjaar se nominasies vir "Meeste Stromings" by die Aitsa Afrikaanse Musiektoekennings 2025. Hierdie toekennings word uitsluitlik bepaal deur amptelike stromingsdata vanaf Apple Music, Spotify en YouTube Music, bereken vanaf die dag van elke liedjie se vrystelling tot by die sluitingsdatum van inskrywings.

Volgens die organiseerders is die resultate eenvoudig "uitsonderlik" – 'n ware weerspieëling van wat Suid-Afrika vandag in Afrikaans beliggaam: kreatiwiteit, diversiteit en trots.

IN GEEN SPESIFIEKE VOLGORDE:

**Meeste stromings deur 'n manlike kunstenaar:**

- Appel – "Heito Potato"
- Kurt Darren – "Hop Hop Spinnekop"
- Chris Steyn – "Plaas Dorp Toe"
- Brendan Peyper – "Kyk"
- Appel – "Klomp Keer Lekker"
- Dodo Nyoka – "Jannaman"

Appel maak 'n sterk verskyning met twee groot treffers, terwyl gevestigde name soos Kurt Darren en nuwe energie soos Dodo Nyoka die lys voltooi – 'n kombinasie wat




wys hoe wyd Afrikaans se musiektoneel strek.

**Meeste stromings deur 'n vroulike kunstenaar:**

- Tamlyn Wessels – "Klein Bietjie"
- Juanita du Plessis – "Dis 'n Vibe"
- Irene-Louise van Wyk – "Jan Asseblief"
- Demi Lee Moore – "Die Mooi in Jou"
- Franja du Plessis – "Lisensie"
- Demi Lee Moore – "Net Myne"

Demi Lee Moore lei met twee massiewe treffers, terwyl gevestigde sterre soos Juanita en Franja du Plessis steeds die stroomlandskap oorheers. 'n Mooi mengsel van tradisie en vars talent.

**Meeste stromings deur 'n groep of duo:**

- Chris Steyn & Ricus Nel – "Trek Hom Plat"
- Appel & Robbie Wessels – "Boerewors-gordyn"
- Gerhard Steyn & Liezel Pieters – "Sterre"
- Demi Lee Moore & Eloff – "As Ek Dalk"
- Karlien van Jaarsveld & Dodo Nyoka – "Ek Verstaan"
- Ons – "Lag"

Van feesliedjies tot hartroerende ballades – hierdie samewerkings wys hoe sterk Afrikaanse kunstenaars saamstaan om die taal en die ritme te laat leef.

"Ons is heeltemal oorbluf deur die syfers," sê die organiseerders. "Dit wys duidelik hoe diep Afrikaanse musiek in die harte van luisteraars lê – en hoe Suid-Afrika steeds trots staan in sy eie taal en klank."

Afrikaanse musiek word nie net geluister nie – dit word gestroom, gedeel en gevier. En by vanjaar se Aitsas gaan dié getalle nog baie groter klink.












*Die misterieuse geskiedenis tussen Ella en Johan word onthul, Tracy skok haar ma met haar woorde, en Thalia weet nie hoe om vir Le Roux te sê dat LJ steeds gevoelens vir haar koester nie. Delia stel 'n plan in werking om Amor te vernietig.*






# Ons lede se stem is sterker as dié van 40

"Individue kom en gaan, maar instellings bly staan." Dit is die woorde van dr. Dirk Hermann in hierdie week se episode van die Solidariteit Wêreld. Dirk gesels met Flip Buys, voorsitter van die Solidariteit Beweging, oor die verskillende instellings wat hard saam met Solidariteit werk om 'n beter en sterker toekoms te bou waar ons kinders vry, veilig en voorspoedig kan lewe.

**Kyk die gesprek hier.**







## BRINKLEYS RIVER VILLAGE

*Bly Waar Geskiedenis die Rivier Ontmoet*



Ontdek Brinkleys River Village – 'n historiese rivierwegbreekplek naby Mosselbaai in die Wes-Kaap wat tydlose bekoring met moderne gerief kombineer. Ontspan in gerieflike kamers en gesinschalets met uitsigte oor die Klein-Brakrivier.

Geniet 'n drankie in ons erfeniskroeg Pub '63 (die oudste in Mosselbaai) en nuttig heerlike maaltye by eersteklasrestaurante hier en in die dorp. Geleë slegs enkele minute van Mosselbaai se blouvlagstrande (met vele kusavonture) en besienswaardighede (soos die nabygeleë wildsplaas waar die Groot Vyf gesien kan word), is Brinkleys die perfekte bestemming vir paartjies, gesinne en soloreisigers.

Bespreek jou verblyf vandag nog!
044 696 6262 | bookings@brinkleys.co.za | www.brinkleys.co.za

1 Old George Rd, R102, Klein Brakrivier

# Bybelvasvra bring wysheid en hoop vir jongmense







Die Rapportryersbeweging se nasionale Bybelvasvra is die afgelope naweek vir die 46ste keer aangebied — vanjaar op Udolpho naby Parys. Wat in 1979 as 'n klein projek begin het, het gegroei tot een van die beweging se vlagskipprojekte wat jaarliks jongmense se geloofskennis en geestelike insig versterk.

'n Altesaam 114 spanne van regoor Suid-Afrika het vanjaar ingeskryf – 93 laerskole en 21 hoërskole. Veral die hoërskole-afdeling toon sterk groei en het oor die afgelope jare van vyf na 21 spanne vermeerder.

Volgens dr. Hennie Schmidt, hooforganiseerder van die kompetisie, gaan dit oor veel meer as net feitekennis:

"Die Bybelvasvra is nie net 'n toets van kennis nie, maar van insig en wysheid. Elke jaar is ek verras oor die hoë punte wat behaal word – dit wys hoe ernstig die jongmense hierdie kompetisie en die Woord van God opneem.

Na maande se voorbereiding het twee van Dirk Postma se spanne deurgedring na die finaal by die FAK se Udolpho-oord aan die Vaalrivier tydens die naweek van 25 Oktober. Die vraestelle toets kennis op 'n hoë vlak met meerkeusevrae, invulvrae, blokkiesraaisels en teksgedeeltes. Taalvaardigheid in Afrikaans is ook 'n kernaspek.

Dirk Postma se leerders het vanjaar die eerste en tweede plek in die hoërskolekategorie gewen. Die skool sê dat hierdie prestasie genade is, maar beklemtoon dat die grootste waarde in die reis self lê, naamlik die Bybelkennis wat elke deelnemer opdoen.

**Laerskole**

1. Laerskool Mooirivier
2. Laerskool Elarduspark
3. Laerskool Wierdapark 1

**Hoërskole**

1. Gereformeerde Hoërskool Dirk Postma 1
2. Gereformeerde Hoërskool Dirk Postma 3
3. Hoërskool Zwartkop 5

## Menlo se robotikaspanne is toekomsgerig en blikbreinslim!



Twee robotikaspanne van die Hoërskool Menlopark was deel van 51 spanne wat vir 'n plek in die finale, nasionale ronde meegeding het. Beide Menlo se spanne, Espada en Terra-X, het hulle goed van hulle taak gekwyt en deurgedring om in die finale ronde op 5 en 6 Desember by Sci Bono hulle staal te gaan wys!

## Landboudal neem aan plaasvaardighedekompetisie deel



Die Vrystaat- en nasionale span van Landboudal het onlangs aan die Nasionale Plaasvaardighedekompetisie deelgeneem. Daar is eerste plekke losgeslaan in die draadspan- en boerderysimulator-afdeling. In wolidentifikasie het hulle 'n tweede plek verower en 'n derde plek in bul- en koeiseleksie.

# Waterbergskool vir CVO vier 30 jaar van geloof, groei en genade



Waterbergskool vir CVO het vanjaar hul 30ste bestaansjaar gevier. Die skool is in 1995 deur ouers en onderwysers in die gemeenskap gestig en het oor drie dekades tot een van Nylstroom se trotse skole ontwikkel.

Met die leuse "U woord my lig" het Waterbergskool vir CVO op 11 Januarie 1995 sy deure geopen met slegs 68 leerlinge en ses toegewyde onderwysers onder leiding van mnr. Connie Bodenstein. Die eerste klasse is in die kategeselokale en ou kerkgebou van die Gereformeerde Kerk Waterberg aangebied. In 1997 is 'n stuk grond vir die skool geskenk, waar die nuwe skoolgebou op 2 Mei 2002 amptelik ingewy is.

Vandag beskik die skool oor moderne fasiliteite wat laer- en hoërskoolafdelings insluit, nege senior klaskamers, 'n groot Paul Kruger-saal en 'n sportterrein met netbalbane, atletiekbaan en rugbyveld wat tussen 2015 en 2016 voltooi is.


Sedert die eerste matriekklas in 1998 hul studie voltooi het, het oudleerlinge van Waterbergskool op verskeie terreine in Suid-Afrika en internasionale vlak hul stempel afgedruk. Drie oudleerlinge dien vandag as onderwysers by hul alma mater, terwyl die kinders van ander oudleerlinge nou self in Waterbergskool se gange loop.




Nando's®
Visit **www.nandos.co.za** or **order on our App**.

# Tsogo Sun (JSE - TSG)

*Die daaglikse lyngrafiek het betrekking.*




**Agtergrond**
**Tsogo Sun** is 'n Suid-Afrikaanse hotel-, dobbel- en vermaaklikheidsgroep. Die groep bedryf 15 dobbelhuise, 24 Galaxy Bingo-webwerwe, 1 onafhanklike webwerf (ISO), VSlots Limited en uitbetaalmasjiene (LPM's) oor 9 provinsies, bet.co.za-boekmakerlisensies, hotelle, 'n temapark, teaters, rolprentteaters, restaurante, kroeë en konferensiefasiliteite.

**Kernbevinding**
Die moontlike watervalformasie (moontlik positief) hou beleggers steeds sku.

Die klein omgekeerde kop-en-skouer (moontlik positief) vang die oog. Omgekeerde kop-en-skouer-formasies vind soms plaas reg aan die einde van 'n afverkoop. Omgekeerde kop-en-skouers is soms omkeerpatrone. Die teiken van die omgekeerde kop-en-skouer, indien dit uitspeel na bo, kan ons dalk na R7,26 neem.

Bo lyn A (R6,80) kan momentum na bo aan die gang kom, en die aandeel dalk na R7,26 (teiken van omgekeerde kop-en-skouerformasie) en selfs oor tyd na R7,62 laat beweeg op 'n herstellopie.

'n Watervalformasie ontwikkel wanneer beleggers stelselmatig winste vassluit en die aandeel in basies een beweging na onder beweeg. Op 'n tyd droog die verkopers op en dan kan opwaartse momentum maklik 'n herstellopie ontketen.

Eerste tekens van opwaartse momentum kan bo lyn A te sien wees.

Die 40-week- bewegende gemiddeld (R7,65) is een van die beste langtermyn-sentimentsmeters. Onder die gemiddeld is beleggers huiwerig om te koop en bo die gemiddeld is beleggers optimisties oor die vooruitsigte.

Ignoreer die instrument onder R6,37.

**Belangrike vlakke om dop te hou**
Onder R6,37 kan die aandeel verder daal en teikens jaag van: R6,34; R6,25; R6,19; R6,09; R6,00; R5,95; R5,88; R5,80; R5,74; en R5,69 is nie 'n onmoontlike teiken nie.

**Tegniese opinie en strategie.**
Vir beleggers – koop of gaan lank bo lyn A (R6,80) indien u glo dat die watervalformasie tot 'n einde kan kom en die omgekeerde kop-en-skouerformasie na bo kan uitspeel, maar gebruik R6,37 as keerverlies om kapitaal te beskerm.

Die moontlike teikens na bo is: R6,84; R6,91; R6,98; R7,04; R7,08; R7,13; R7,18; R7,26; R7,34; R7,39; R7,43; R7,57; R7,62; R7,68; R7,70; R7,78; R7,88 en R8,00.

**Gevolgtrekking**
Die instrument verkeer steeds onder verkoopdruk, maar bo lyn A kan ons nuwe momentum na bo verwag.

**Opsomming**
Koop of gaan lank bo R6,80, maar gebruik R6,37 as keerverlies om kapitaal te beskerm.

**Vrywaring**
Opinies rondom markte loop met bepaalde markrisiko's. Raadpleeg u beleggingsadviseur voordat u beleggingsbesluite neem. Hierdie tegniese opinie is die tegniese ontleder se eie opinie en moet geensins geag word as finansiële advies nie.

*Nuusweek* en Pretoria FM aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige uitkoms wat voortspruit uit hierdie inligting nie.

**Frans de Klerk**
*Onafhanklike tegniese ontleder verbonde aan fransdeklerk.com*



*Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis*

# Nuusweek

## Regskennisgewings

Pretoria FM
hoop, glo, lééf in Afrikaans

**Plaas jou Regskennisgewings**
**nou in Nuusweek.**

**Nuusweek verskyn ELKE VRYDAG GRATIS in digitale formaat en word nasionaal versprei.**

Spertyd:
Besprekings: Dinsdae om 12:00 voor Publikasie.

Stuur 'n e-pos na adverteer@pretoriafm.co.za of skakel Monique de Jager by 012-543 0120

SOLIDARITEIT

# WERKSGIDS

Bekom vandag nog jou droompos op www.solidariteit.co.za.

Met meer as 700 poste beskikbaar per dag, is hierdie jou eenstopplatform vir werk – in Afrikaans!

*Klik op poste vir meer info*

## Bou & Ambagte

*Subnetwerke: Elektrisiëns, Sweis-werkers, Dieselwerktuigkundiges, Motorwerktuigkundiges, Staalstrukture, Siviele Konstruksie*

**Siviele Konstruksiebestuurder**, Wes-Kaap: Sluit 01/11/2025

**Staal Konstruksie Voorman**, eMalahleni: Sluit 01/11/2025

**Siviele Konstruksievoorman**, Pretoria: Sluit 01/11/2025

**Sweis-werkers**, Boksburg, Sluit 01/11/2025

**Dieselwerktuigkundige**, Rustenburg, Sluit 01/11/2025

**Motorwerktuigkundige**, Randburg, Sluit 01/11/2025

## Finansiële Dienste (Verkope)

*Subnetwerke: Tegniese verkope, Rekenmeesters*

**Tegniese Verkope Rekening Bestuurder**, Centurion: Sluit 30/11/2025

**Gekwalifiseerde Rekenmeester**, Meyerspark, Pretoria, Sluit 17/11/2025

## Gesondheidsorg & Maatskaplike Dienste

*Subnetwerke: Verpleegkunde*

**Verpleegkundige**, Centurion, Sluit 01/11/2025

## Gasvryheid en Toerisme

*Subnetwerke:*

**Kassier**, Sandton, Sluit 01/11/2025

## Inligting, Kommunikasie & Media

*Subnetwerke: IT-spesialiste, Bemarkers*

**Bemarkingspraktisyn**, Persequor, Pretoria: Sluit 24/11/2025

**IT en Sisteem Integrasie Spesialis**, Centurion: Sluit 28/11/2025

**IT-Ondersteuningstegnikus**, Pretoria, Sluit 05/11/2025

**Bemarkingsassistent**, Gauteng, Sluit 05/11/2025

## Landbou, Bosbou & Visserye

*Subnetwerke: Boere, Plaasadministrasie*

**AL3 Boerdery Leerlingboer 2026**, Mogwadi: Sluit 07/11/2025

**Plaasbestuurder - Gemengde boerdery**, Limpopo: Sluit 01/11/2025

**Plaasadministrasie**, Polokwane, Sluit 01/11/2025

**Plaas handlanger**, Uniondale, Sluit 01/11/2025

## Onderwys & Opleiding

*Subnetwerke: Skoolonderwysers, Grondslagfase, Sekondêre Onderwys. Kleuteronderwys*

**Naskool Huiswerk Onderwyser**, Wierdapark: Sluit 01/11/2025

**Onderwyser**: Kreatiewe Kuns (Gr 8 & 9) en Visuele Kuns (Gr 10- 12), Groblersdal, Sluit 03/11/2025

**Assistent-Onderwysers Grondslagfase**, Monumentpark, Sluit 08/11/2025

**Graad 12 Wiskunde**, Pretoria, Sluit 01/11/2025

**Kreatiewe kuns** (graad 4- 9) **Afrikaans** (graad 7), Centurion, Sluit 01/11/2025

**Besigheidstudies**, Pretoria, Sluit 01/11/2025

**Kleuterskoolonderwyser**, Pretoria, Sluit 24/11/2025

## Professionele, Besigheids, Gemeenskap & Tegniese Dienste

*Subnetwerke: Administrasie, Besigheidstelseladministrateur, Diensbeheerder, Ontwerpkonsultant, Gasvroue / Ontvangsdames*

**Administration Clerk**, Menlo Park, Pretoria, Sluit 30/11/2025

**Administratiewe dame**, Midrand, Sluit 01/11/2025

**Besigheidstelseladministrateur**, Christiana, Sluit 01/11/2025

**Diensbeheerder**, Rustenburg, Sluit 01/11/2025

**Ontwerpkonsultant**, Bellville, Sluit 01/11/2025

**Voorraadbeheerder**, Centurion, Sluit 01/11/2025

**Aflewerings- en ontvangsklerk**, Oudtshoorn, Sluit01/11/2025

**MHB-assistent**, Pretoria, Sluit 01/11/2025

**Hoof ontvangsdame en gasvrou**, Lochvaal, Vanderbijlpark, Sluit 28/11/2025

## Vervaardiging

*Subnetwerke: Produksiebestuurders*

**Produksie Beplanner**, Cullinan: Sluit 7 November

## Vervoer, Logistiek & Lugvaart

*Subnetwerke: Drywer*

**Drywer Kode 14**, Roodeplaat, Sluit 01/11/2025

## Verkope, Kommersieel en Handel

*Subnetwerke: Verkope, Winkel Assistant*

**Tegniese Verkope Rekening Bestuurder**, Centurion, Sluit 30/11/2025

**Verf en Ysterware verkoops konsultant**, Sluit 30/11/2025

**Eksterne verkoopspersoon**, Delmas, Sluit 01/11/2025

**Winkel Assistent**, Pretoria, Sluit 20/11/2025

**Assistent handelaar**, Johannesburg, Sluit 01/11/2025



Nuusweek Sport

Maak seker jy ontvang Nuusweek elke Vrydag **Gratis HIER**

31 Okt - 06 Nov 2025

www.pretoriafm.co.za

Sportberigte saamgestel deur Liezil van der Schyff

# Wolvaardt, Kapp lei Proteas na WB-eindstryd

Die Protea-vrouekrieketspan het Woensdag geskiedenis gemaak toe hulle Engeland in die eerste halfeindstryd van die Wêreldbekertoernooi in Guwahati, Indië met 125 lopies oorrompel het. Dié sege het aan hulle hul eerste deelname aan 'n eendagkrieketeindstryd in 'n Wêreldbeker besorg.

Die Engelse het die loot gewen en die Suid-Afrikaners ingestuur om eerste te kolf. Kaptein Laura Wolvaardt het 'n skitterende vertoning met die kolf gelewer deur die hoogste telling ooit deur 'n Suid-Afrikaanse vrou in 'n IKR-Vrouewêreldbeker aan te teken. Haar 169 lopies van 143 balle het bygedra tot die Proteas se briljante vertoning wat hulle toetrede tot die eindstryd meegebring het. Tazmin Brits (45), Marizanne Kapp (42) en Chloe Tryon (33) het op hul beurt ook lopies met die kolf bygedra. Suid-Afrika het 'n stewige 319 lopies in hul toegelate 50 boulbeurte aangeteken.

Tydens Engeland se jaagtog het Marizanne Kapp die momentum van hul kolfbeurt voortgesit en vinnig-vinnig die toporde se paaltjies laat kantel. Die Engelse het gesukkel om te herstel en is vir 194 lopies in 42.3 boulbeurte uitgehaal. Kapp is nou heel bo aan die lys vir die meeste paaltjies deur enige bouler oor IKR-Vrouewêreldbekertoernooie, met die 44 paaltjies wat sy in dié toernooi geneem het. Verder het Nonkululeko Mlaba 'n spesiale mylpaal bereik met haar 50 loopbaanpaaltjies in eendagkrieket.

"Ons het al so lank gedroom van hierdie oomblik. Ek is ongelooflik trots op die span, ons het as eenheid gespeel en Suid-Afrika trots gemaak," het Wolvaardt na afloop van die geskiedkundige oorwinning gesê.

In die tweede halfeindstryd gister het Indië vir Australië met vyf paaltjies in 'n naelbytwedstryd geklop om hul plek in die eindstryd te verseker. Die Proteas sal komende Sondag teen Indië in die eindstryd van die Wêreldbeker te staan kom. Die eerste bal word om 11:30 geboul.






*Laura Wolvaardt*

**Opsomming van die kragmeting op 29 Oktober:**

**Suid-Afrika 319/7 (50):** Laura Wolvaardt 169, Tazmin Britz 45 en Sophie Ecclestone 4/44.

**Engeland 194 (42.3):** Nat Sciver-Brunt 64, Alice Capsey 50 en Marizanne Kapp 5/20.

Suid-Afrika wen die kragmeting met 125 lopies.

Intussen het KSA aangekondig dat die Ierland-vrouespan in Desember na Suid-Afrika sal toer vir drie T20- en drie eendagwedstryde. Die T20-wedstryde sal op 5 Desember (in Kaapstad), 7 Desember (in die Paarl) en 10 Desember (in Benoni) beslis word, terwyl die eendagwedstryde tussen 13-19 Desember in Oos-Londen, Gqeberha en Johannesburg sal plaasvind.

# Springbokke slaggereed vir Japan

Die Springbokke se hoofafrigter, dr. Rassie Erasmus, het vroeër vandeesweek sy 23-tal vir môre se kragmeting teen Japan in Londen bekend gemaak.

Die 20-jarige Zachary Porthen is in die beginspan ingesluit vir sy toetsdebuut, aangesien Erasmus glo dat dit die ideale geleentheid is om die jong stut te toets.


Zachary Porthen

Volgens Erasmus verkies hy dit om jong spelers te laat begin eerder as om hulle van die bank af te bring, sodat hulle die senuwees beter kan hanteer.

Cheslin Kolbe is na die heelagterposisie geskuif aangesien Damian Willemse nog van 'n dyspierbesering herstel, terwyl Pieter-Steph du Toit en Eben Etzebeth 'n blaaskans neem. Die kaptein, Siya Kolisi, sal in sy 99ste toets vir die Bokke uitdraf.

Afskoptyd môre is om 18:10.

**Springbokspan teen Japan:** 1 Ox Nche, 2 Malcolm Marx, 3 Zachary Porthen, 4 RG Snyman, 5 Lood de Jager, 6 Siya Kolisi (kaptein), 7 Franco Mostert, 8 Jasper Wiese, 9 Cobus Reinach, 10 Sacha Feinberg-Mngomezulu, 11 Kurt-Lee Arendse, 12 Damian de Allende, 13 Jesse Kriel, 14 Ethan Hooker, 15 Cheslin Kolbe. **Plaasvervangers:** 16 Johan Grobbelaar, 17 Gerhard Steenekamp 18 Wilco Louw, 19 Ruan Nortje, 20 Andre Esterhuizen, 21 Kwagga Smith, 22 Grant Williams en 23 Manie Libbok

**Ander internasionale bepalings:**

17:10 Engeland teen Australië
19:40 Skotland teen VSA
22:10 Ierland teen Nieu-Seeland

# Bok-gelaaide Baa-baas teen All Blacks XV



Pat Lam

Die Barbarians se hoofafrigter, Pat Lam, het vroeër hierdie week sy span wat komende naweek teen die All Blacks XV te staan kom, aangekondig. Die span, wat propvol Suid-Afrikaanse talent is, sluit 17 Barbarians-nuwelinge in.

Die uitnodigingspan, onder leiding van Hanro Liebenberg, spog met tien Suid-Afrikaners in die beginspan. Die voorspelers sluit die tweemalige Wêreldbekerwenner Bongi Mbonambi in, tesame met Ruben van Heerden en Evan Roos.

In die agterlyn sal die Sale Sharks-duo Rob du Preez en Ernst van Rhyn ervaring bring, terwyl vleuels Werner Kok en Leolin Zas 'n gevaarlike agterlyn voltooi.

Afskoptyd môre in Brentford is 13:15.

**Barbarians teen All Blacks XV:**
1 Oli Kebble, 2 Bongi Mbonambi, 3 Asenathi Ntlabakanye, 4 Ernst van Rhyn, 5 Ruben van Heerden, 6 Hanro Liebenberg (kaptein), 7 Fitz Harding, 8 Evan Roos, 9 Rhodri Williams, 10 Rob du Preez, 11 Leolin Zas, 12 Benhard Janse van Rensburg, 13 Matias Moroni, 14 Werner Kok, 15 Max Mallins. **Plaasvervangers:** 16 Andre-Hugo Venter, 17 Alistair Vermaak, 18 Jack Aungier, 19 Cobus Wiese, 20 Batho Hlekani, 21 Brad Weber, 22 Dan du Plessis, 23 Rhyno Smith.

# Stormers heel bo op vooraand van internasionale seisoen

Die Stormers en Munster is die enigste twee spanne wat ná vyf rondtes van die Verenigde Rugbykampioenskap (VRK) steeds onoorwonne en gemaklik bo aan die algehele punteleer is, met die Suid-Afrikaners wat 'n groter punteverskil geniet. Die Stormers het hul drie weke lange toer in Europa met 'n 31-16-oorwinning oor Benetton Rugby in Treviso afgesluit, nadat hulle teen rustyd 16-8 agter was. In Ierland het Munster 'n taai stryd teen Connacht Rugby naelskraap met 17-15 gewen. Ulster Rugby wat tot en met rondte vier ook nog onoorwonne was, het hul eerste nederlaag van die seisoen gely maar steeds met 'n bonuspunt geëindig. Die Lions het die Iere met 49-31 op eie bodem geklop. Die Vodacom Bulls het hul oorsese toer met 'n 21-12-nederlaag teen die Glasgow Warriors afgesluit, terwyl Cardiff Rugby Edinburgh net-net met 20-19 geklop het. In Wallis het sake tussen Dragons en Ospreys met 19 punte elk gelykop geëindig.

Leinster Rugby het met 50 punte teenoor 26 oor Zebre geseëvier en die Hollywoodbets Sharks het uiteindelik hul eerste oorwinning van die seisoen behaal deur vir Scarlets in Durban met 29-19 te klop. Die VRK neem nou 'n vier week lange blaaskans weens die internasionale herfstoetsreeks. Rondte ses van die VRK sal op Vrydag 28 November hervat.



# Positiewe begin vir Proteas teen Pakistan



Die Protea-manskrieketspan toer ook tans in die Indiese subkontinent en het reeds vandeesweek een van drie T20-wedstryde teen die gasheerland gespeel. Die besoekers het dié kragmeting, wat Dinsdag in Rawalpindi beslis is, oortuigend met 55 lopies beklink.

Pakistan het die loot gewen en die Suid-Afrikaners ingestuur om eerste te kolf. Reeza Hendricks het met 60 van 40 balle die toon aangegee, terwyl Tony de Zorzi (33) en George Linde (36) belangrike bydraes gelewer het. Die besoekers het 194/9 in hul toegelate boulbeurte aangeteken. Tydens Pakistan se beurt het Corbin Bosch met 4 paaltjies vir 14 lopies en Linde met 3 paaltjies vir 31 lopies gesorg dat die tuisspan tot 139 lopies beperk is.

Die tweede T20-wedstryd vind vandag by die Gaddafi-stadion in Lahore plaas, waarna die derde en laaste wedstryd môre by dieselfde stadion sal plaasvind. Albei kragmetings begin om 17:00.

**Opsomming van die kragmeting op 28 Oktober:**

**Suid-Afrika 194/9 (20):**
Reeza Hendriks 60, George Linde 36 en Mohammad Nawaz 3/26

**Pakistan 139 (18.1):**
Saim Ayub 37, Mohammad Nawaz 36 en Corbin Bosch 4/14.

Suid-Afrika wen die kragmeting met 55 lopies.

Intussen het Krieket Suid-Afrika (KSA) die toetsspan wat volgende maand teen Indië te staan kom, bekend gemaak. Temba Bavuma keer terug van 'n kuitbesering en neem weer die rol as kaptein vir die twee-toetsreeks in. Die eerste toets begin op 14 November by Eden Gardens in Kolkata, met die tweede toets wat vanaf 22 November by die ACA-stadion in Guwahati sal plaasvind. Dit sal ook die eerste keer wees wat dié stadion 'n toetswedstryd aanbied. Die hoofafrigter, Shukri Conrad, sê die kern van die span wat teen Pakistan gespeel het, is behou, aangesien hulle karakter en vasberadenheid getoon het. Conrad verwag 'n moeilike reeks teen Indië en beklemtoon dat elke speler 'n belangrike rol sal hê.

**Proteas-toetsspan teen Indië:** Temba Bavuma (kaptein), Corbin Bosch, Dewald Brevis, Tony de Zorzi, Zubayr Hamza, Simon Harmer, Marco Jansen, Keshav Maharaj, Aiden Markram, Wiaan Mulder, Senuran Muthusamy, Kagiso Rabada, Ryan Rickelton, Tristan Stubbs en Kyle Verreynne.